LUG JOU MENING

Defence Amendment Bill [B18-2017] (Nasionale Vergadering - artikel 75)

Oproep om skriftelike voorleggings

Die Gekose Komitee oor Veiligheid en Justisie nooi belanghebbendes en belangstellendes uit om skriftelike voorleggings in te dien oor die **Defence Amendment Bill** [B18-2017] (Nasionale Vergadering - artikel 75).

Die **Defence Amendment Bill** het ten doel, onder meer om:

• die Defence Act, 2002, te wysig ten einde die stafhoof in militêre bevel van die weermag in te sluit;
• duidelikheid te gee betreffende die proses oor die inwerkingstelling deur die hoof van die weermag van die delegering van bevoegdhede en die toewysing van pligte aan lede deur die sekretaris van verdediging as hoof en rekenpligtige beampte van die departement;
• voorsiening te maak vir indiensneming van die weermag buite die Republiek;
• voorsiening te maak vir die kontrolering van die sekerheidsklaring van kontrakteurs en diensverskaffers van die departement;
• te verduidelik dat 'n persoon nie die toestemming van 'n werkgewer benodig nie om as lid by die reserwemag aan te sluit of aan te bly;
• weer die diensbeëindiging van lede van die staande mag te reguleer;
• die vereistes vir regsverteenwoordiging van lede te wysig;
• die vertoon van militêre dekorasies, medaljes en ordetekens te reguleer;
• die gebruik van militêre uniforms, kentekens en helmtekens te reguleer; en
• voorsiening te maak vir die verbod op toegang tot militêre eiendom of gebiede.

Skriftelike voorleggings moet **teen 16 November 2018 ontvang word.**

Versoek om afskrifte van die wetsontwerp, skriftelike voorleggings en navrae moet gerig word aan mnr G Dixon, Gekose Komitee oor Veiligheid en Geregtigheid, 3de Verdieping, Kantoor 133, Pleinstraat 90, Kaapstad 8001 of per e-pos aan gdixon@parliament.gov.za gestuur word of na 086 658 9371 gefaks word.

Uitgereik deur agb. SG Mthimunye, LP, Voorsitter: Gekose Komitee oor Veiligheid en Justisie.